

JANUARIE TEMA: God se verlossingstroos in die Ou Testament belowe

Sondag 14 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 33:12-23

Fokusgedeelte: Eksodus 33:19

God ontferm Hom oor wie Hy wil

Maar Hy het geantwoord: “Ek sal al my goedheid reg voor jou laat verbygaan, en Ek self sal die Naam ‘die Here’ uitroep. Ek is genadig oor wie Ek genadig wil wees, en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm.”

Gister kon ons stilstaan by Moses se toetrede tot God in sy intrede vir die volk. Sy versoek aan God tot voordeel van die ongehoorsame volk (32:32): “As U nou maar hulle sondes sal vergewe! Maar as U nie wil nie, wis my dan maar uit u boekrol wat U geskryf het, uit.”

Moses tree steeds in en pleit dat die Here die volk nie alleen verder moet laat trek nie, waarop God positief reageer met dié vraag in vers 14: “Moet my teenwoordigheid saamgaan, en moet Ek vir jou rus gee?” Vers 17 vertel vir ons dat die Here toe vir Moses sê: “Ook aan hierdie versoek wat jy uitgespreek het, sal Ek voldoen, omdat jy guns gevind het in my oë, en Ek jou by die naam ken.”

Dit laat Moses nog verder gaan tot by die versoek om God se heerlijkheid te sien: “Toon asseblief u heerlijkheid aan my.” Hierop volg ons teksvers en nee, dit is nie ’n afjak wat Moses kry nie. “Ek sal al my goedheid reg voor jou laat verbygaan, en Ek self sal die Naam ‘die Here’ uitroep. Ek is genadig oor wie Ek genadig wil wees, en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm.” Die Here gaan verby die punt waar Hy Homself kan bekendmaak en sal selfs sy openbaring as die Verbondsgod aan Moses gee. Alles nie as ’n algemene openbaring aan almal nie, maar dit laat ons dink aan hierdie aanhaling ook in Romeine 9:15. Daar word ons gelei om te besef: “Dit berus dus nie by die mens wat wil en hom inspan nie, maar by God wat Hom ontferm” (Rom. 9:16).

In Christus openbaar God Hom in sy liefde en goedheid en ons besef dat versoening met God nie is op grond van ons inspanning nie, maar juis in God se ontferming oor wie Hy wil.

Sing: Psalm 9-1:12

Ds. MP Fourie (emeritus)